

## **SA Akademie vir Wetenskap en Kuns**

### **Buitelandse Werkgemeenskap**

#### **Agtergrond**

Werkgemeenskappe beoog om die doelstellings van die Akademie te bevorder, om die werksaamhede van die Akademie bekend te stel en om gesellige verkeer tussen lede te bevorder. Verder bevorder 'n werkgemeenskap interdisiplinêre en, waar moontlik, interfakultêre werksaamhede aangaande die beoefening van die wetenskappe en die kunste. (Bron: *Reglement vir Werkgemeenskappe*)

#### **Doelstellings**

1. Vestig en versterk verbindings tussen buitelandse lede onderling asook met lede binne Suid-Afrika (die sg. diaspora netwerk).
2. Funksioneer as 'n virtuele gemeenskap om die kennis en kundigheid van Akademie lede in die buiteland toeganklik te maak.
3. Bevorder die Akademie in die buiteland.
4. Ondersteun internasionalisering van hoëronderwys-instellings.
5. Bevorder samewerking op wetenskaplike en tegnologiese gebiede om beter internasionale betrekkinge te bevorder ("science diplomacy").
6. Dien as 'n kennisbron om Suid-Afrikaanse perspektiewe, konteks, en insae aan die internasionale akademiese gemeenskap te bied.
7. Bied aan die binnelandse (Suid-Afrikaanse) gemeenskap internasionale en/of regionale perspektiewe, konteks, en insae rakende beskouings oor wêreldgebeure, tegnologiese en sosiale verwickelinge, asook perspektiewe op Suid-Afrikaanse aangeleenthede.
8. Ontwikkel meganismes asook tegniese werktuie om bogenoemde samewerking te bevorder.

#### **Aktiwiteite**

- Organiseer gereelde virtuele forums om kennis uit te ruil en onderlinge gemeenskap te bevorder, insluitend:
  - a. Intydse web-gebaseerde paneelbesprekings met lede/nie-lede van die Akademie
  - b. Intydse web-gebaseerde aanbiedings deur geleentheidsprekers oor aktuele onderwerpe (lede/nie-lede van die Akademie)
  - c. Virtuele konferensie vir alle lede van die Akademie in die buiteland [moontlik gekombineer met die Jaarlikse Algemene Simposium]
  - d. Intydse onderhoude met geleentheid vir vrae
  - e. Lewer bydraes tot die Akademie se nuusbrief
- Onderzoek moontlike bydraes en/of deelname aan Kommissies van die Akademie (tans Geskiedenis, Uitvoerende Kunste, Letterkunde, Onderwys, en Taal).
- Onderneem en publiseer gesamentlike navorsing, insluitend:
  - Neem deel aan tematiese navorsingsprojekte geïdentifiseer deur die Akademie
- Bevorder samewerking tussen universiteite in Suid-Afrika en die buiteland deur bv. wedersydse gaslesings ondersteun deur inligtingtegnologie, uitruil van doserende personeel en studente, en gesamentlike studieleiding vir nagraadse studente.

#### **Ondersteunende inligtingtegnologie**

- Ontwikkel 'n databasis en koppelvlak om inligting omtrent lede se navorsing-kundigheid om identifikasie van sprekers en vir navorsingsgeleenthede te vergemaklik, asook studieleiers, internasionale eksterne eksamineerders vir skripsies en verhandelinge in Afrikaans, internasionale ewekniebeoordeeling vir joernale van die Akademie en assessering van aansoeke vir bevordering.
- Web-gebaseerde konferensie-sagteware